


# WIKUS EN DIE WILLEWRAGTIG



Net voor slapenstyd elke aand kry Wikus 'n beker warm melk om sy drome soet te maak, soos sy ma altyd sê.

“Kom seun, bed toe met jou,” sê Wikus se pa van waar hy agter die koerant uit loer.

“Jaa-aaaa pa,” laat hoor Wikus traag soos hy sy voete kombuis toe sleep om sy leë bekertjie in die wasbak te sit. Hy loop terug en gee sy ma en pa elkeen 'n soentjie op die wang voor hy sy tande gaan borsel.

“Kom Willewikus, maak gou,” hoor Wikus hoe sy ma hom aanjaag. Hy sit sy *Batman*-tandeborsel weer mooi in die houertjie terug voor hy verby sy ma hardloop en op sy bed gaan spring. Hy wikkell homself snoesig onder die komberse in, en wag tot sy ma die kante van die kombes indruk.

“Lekker slaap seun, moenie dat die monster pla nie,” lag sy ma toe sy die lig afsit en die deur toetrek. Wikus skuif so paar keer rond om sy lê te kry voor hy rustig aan die slaap raak...

“Pssst...”

Wikus is besig om in sy drome op *Batman* se rug saam met hom die strate in te vlieg, skelms te skop en van geboue af te spring.

“Pssst...”

Ewe skielik val Wikus baie hard van *Batman* se rug af, en skrik wakker. Hy lê eers 'n oomblik stil tot hy besef waar hy is. Wikus is sommer dadelik vies dat hy uit sy droom wakker gemaak is, want hulle wou nou net die *baddie* gaan vang het.

“Is jy doof of wat?”

Wikus skrik so groot toe hy die vreemde stem in die donker hoor praat dat hy sommer al die komberse deurmekaar skop om regop te kan sit. Hy bly eers doodstil sit, bang dat hierdie nog 'n droom is. Hy vat sy een handjie en druk 'n kruisie in sy arm met sy naels.

“Eina,” mompel hy toe hy agterkom dat hy regtig wakker is. Was dit sy verbeelding of het iets met hom gepraat? Dalk 'n monster? Soos sy ma gewaarsku het?

Voor hy verder kan wonder, vlieg daar 'n skerp ding teen sy voorkop vas. Wikus vryf dadelik sy voorkop en vergeet skoon om te skree.

“Wat de jo...!” Hy onthou hoe sy ma na hom kyk voor hy iets sê wat hy nie mag nie en bly liewers stil. Vrek, nee die was nie sy verbeelding nie. Moet hy gil en sy ma laat weet hier is 'n groot, groen monster wat hom aan sy toonnaels wil ophang, of moet hy braaf wees soos *Batman* en self die gevaar gaan soek?

Wikus gryp na sy klein flitsliggie wat langs hom op die bedkassie staan en met die flou liggie soek hy die monster in sy kamer.

*Prrrr-sjoooooooo-bammm.*

Iets vlieg met 'n harde slag teen sy kop vas.

“Eina!” gil Wikus en vryf vir die tweede keer die aand sy kop.

“Hoekom maak jy my blind man? Vat daai ding uit my gesig uit,” hoor Wikus iets hier voor hom praat. Hy knip-knip sy oë twee keer om gewoon te raak aan die donker. Ten minste het die monster hom nog nie opgevreet nie.

Toe Wikus sy oë weer oopmaak, staan sy geliefde trolmanneling voor hom. In lewende lywe. Wikus kyk verward van sy speelgoedrak na waar die trol op sy bed voor hom staan. Hoe is hierdie moontlik? Hy vryf nog 'n keer met sy vuiste oor sy oë, maar die trol staan steeds daar toe hy sy oë weer oopmaak.

“Nou toe, is jy klaar gedroom?” vra die trol.

“Maaaaar, jy...hoe?” sê Wikus verward. “Ek het jou dan net vanmiddag in *Batman* laat vasvlieg? Jy het nie toe gepraat nie? Wat is jy?”

Wikus verstaan nie of die melk voor bedtyd dalk hoësmedisyne in gehad het nie, maar jitte hierdie lyk darem al te regtig vir hom.

“Al die baie vrae...en die aand is ook net so lank en daar is baie werk wat gedoen moet word...Kom, kom hou op so staar! Staar op dat ons kan gaan,” sê die trol en vlieg rats van die bed af.

“Maar hoe? Waantoe? Ek mag nie na bedtyd wakker wees nie, my ma...”

Voor Wikus sy sin kan klaarmaak, val die trol hom in die rede.

“Jou ma slaap en jy moet ophou so bangbroek wees...wees 'n willewragtag soos ek,” sê die trol en staan vasbeslote met sy hande in sy sye en wag dat Wikus opstaan.

Wikus weet nie wat om te dink nie. Die trol se groen hare staan woes langs sy kop en sy oë kyk kwaai na Wikus terug. Hy is wragtig 'n willewragtag, dink Wikus by homself voor hy die komberse afgooi en van die bed afspring. As hy nie nou opstaan nie gaan die willewragtag hom dalk net insluk.

“Oukei, sê nou ek glo jou...hoekom moet ek in die middel van die nag opstaan? Net wanneer ek en *Batman* op pad was om die *baddies* te gaan skop?” wil Wikus vies weet.

Trol die willewragtag steur hom nie aan Wikus se vrae nie en styg met 'n vaart die lug in op en kom voor die venster tot stilstand. So klein soos wat hy is, lig hy die groot vensterraam in een beweging op, sodat die koel winterswind Wikus weer terug aarde toe bring.

Hy val oor al sy woorde toe hy vra, “maar, wag.. hoe het jy dit gedoen? Jy is dan so klein?”

“Pfttt, klein se alie. *Shut up* en kom,” sê die trol toe hy deur die oop venster vlieg en in die lug fladder en wag vir Wikus om hom te volg.

Wikus gryp sy baadjie en klim deur die venster. Hy gly by die vensterbank af, maak seker sy ouers se venster is toe en dat niemand hom hoor nie, voordat hy verder saam met die trol gaan.

Wikus kyk senuweeagtig om hom rond...Hy sien al die groot bome wat donker skaduwees op die gras gooi en lyk soos drake wat jou sommer gaan insluk. Hy gril en hardloop dat hy nader aan die trol kan loop.

“Waantoe gaan ons?”

“Ons is op pad om ’n belangrike oorlog te gaan voer teen die tuintrolle...”

“Die wat?” begin Wikus saggies lag. Hy het nog nooit van so iets gehoor nie en wonder wat se *animation* die trol kyk!

Trol die willewragtag gaan staan skielik botstil in die lug. Hy fladder nog ’n oomblik rond en kom op Wikus se skouer te lande. “Oukei, luister nou mooi...” begin die trol...

“As jy mooi gaan kyk in daardie hoek van die tuin sal jy sien hoe die nasie van die tuintrolle bymekaar gekom het om ons willewragtags uit te wis. Hulle wag al lank om ons onkant te vang en vanaand is die aand wat ons hulle ’n les leer...”

Wikus wil nog iets vra, maar die trol val hom weer in die rede.

“Ons grootste vyand is Renolsie met die rooi hoed. Hy kan vuur met sy oë skiet...En aan sy linkerkant met die geel hoed is Stinkie, hy...wel, hy stink baie! So baie dat mens se neus sal afval. Daarom moet jy jou asem ophou as jy hulle gaan omgooi!”

Wikus se kop draai van alles wat die trol nou kwytingeraak het. Praat hy van sy ma se tuindwergies in die roosbedding? Hulle is dan ’n versiering en sy ma se gunsteling? Nee, die trol is besig om van sy trollie af te raak...

“Wag, wag, wag...Daardie is tuindwergies en dis my ma se gunsteling! Hulle kan jou mos nie seermaak nie? En hoekom haat jy hulle so?” wil Wikus verward weet.

“Ai, hoekom moet jy alewig so baie vrae vra?” sê die trol gefrustreerd.

“Oukei, kom ons begin by die begin. Die ryk van die tuintrolle en die ryk van die willewragtags is al eeue lank in ’n oorlog gewikkel wat net nooit opgelos kan word nie. Dit het alles begin toe die tuintrolle een aand, terwyl die willewragtags nie tuis was nie, ons magtige trolstaf uit ons huis uit gesteel het. Van daardie dag af kan geen van die willewragtags meer hulle hare laat groei nie...”

“Maar hoekom moet julle hare groei? Dit lyk dan in elk geval altyd so wild...” laat Wikus hoor.

“Want ons *magic* kragte lê in ons hare dommie, dis hoekom ons die willewragtags is! Jy sien, ons kragte raak uitgeput en as ons nie die staf terugkry nie gaan ek nooit weer kan vlieg nie en my familie nie weer die oorlog in die ryk kan wen nie. Ons moet dit vanaand nog kry,” laat die trol vasbeslote hoor.

Arme Wikus is so deurmekaar. Van 'n pratende trol, tot geheime rykdomme wat nog oorlog teen mekaar voer? En van wanneer af is hare so 'n belangrike ding?

Nee, hierdie aand raak nou sommer baie vreemd vir hom!

“So wat wil jy hê moet ek doen?” vra Wikus bekommerd.

“Wel, aangesien my kragte nie meer so baie is nie en jy 'n reusemens is, moet jy hulle vashou terwyl ek die staf soek.”

Wikus begin lag. “Wel, dit is my ma se tuindwergies? Dis nie asof hulle jou gaan byt nie.”

“Pfttt, dis wat jy dink ou brawe Jan,” sê die trol terwyl hy rats op Wikus se kop spring en aan sy hare vashou - so asof Wikus sy perd is waarop hy die oorlog gaan veg.

“Toe nou, daar gaan ons, laat ons die tuintrolle 'n ding gaan wys!”

Wikus trek sy skouers op en besluit dat hy liewers nie weer gaan teëpraat nie. Hy sal die *stupid* staf gaan kry sodat hy kan gaan slaap en saam met *Batman* kan gaan vlieg.

Soos Wikus nader aan die digte bome in die hoek van die tuin stap, ruik hy iets wat stink, en nie hoe nie, erg! Dit stink soos sy ma se broccoli-gereg, maar net tien keer erger.

“Sies, wat ruik so?” vra Wikus vies.

“Sjjjttt...” fluister die trol saggies. “Dis Stinkie wat weet ons kom. Hou jou asem op, net nou val jou neus af.”

Bog man, dink Wikus effe bang. Hoe kan die tuindwergie dit doen?

Soos hy nader kom, raak die reuk al hoe erger en net voor Wikus die bosse invaar, gaan staan hy botstil en klap sy hande om sy mond om sy gil te keer.

Voor hom staan vier kwaai tuindwergies, nogal sy ma se gunsteling, en hulle is baie lewendig en baie kwaad. So asof hulle regtig uit hulle oë gaan vuur skiet.

“Soooo, jou willewragtag, hier bring jy nou 'n reus om agter weg te kruip,” hoor Wikus Renolsie-tuindwergie praat.

“Bly stil jou gifappeltjie en gee my my staf terug! Dis nou lank genoeg wat julle ons bedrieg.”

Die tuindwergies neem 'n tree nader en Wikus sien hoe daar vanaand 'n groot bakleiery gaan uitbreek ... en hy gaan in die middel daarvan wees!

“Uhm, wel hoe...hoekom wil julle sy staf so graag hê? Hoekom kan julle dit nie maar teruggee nie?” vra Wikus bang.

Die tuindwergies kyk hom verbaas aan voor hulle antwoord. “Ons wil die staf hê, want ons wil ook mooi hare groei soos hulle. Ons moet healtyd met lelike hoede

loop wat die aakligste dowwe kleure is en ons wil ook kleurvol lyk... en die staf het al die krag,” laat die rooi tuindwergie hoor.

Wikus dink so rukkies voor hy antwoord.

“Wel, wat as ek julle hoedjies ’n kleurvolle kleur kan maak en julle nooit weer vaal hoef te lyk nie? Sal julle dan sy staf teruggee?”

Die tuindwergies dink so rukkies na en fluister onderlangs. “Die ryk van die tuindwergies sal die staf teruggee as ons ander hoedjies kan kry,” sê hulle vasbeslote.

“Nou hoe wil jy dit doen?” fluister die trol senuweeagtig in Wikus se oor.

Wikus glimlag breed. “Jy sal sien!”

Wikus hol met die trol op sy kop terug huis toe. Die arme trol moet behoorlik vasklou vir sy lewe.

“Stadig! Wil jy my doodmaak?” skree die trol.

Wikus steur hom nie aan die trol se gekla nie. Hy klouter terug deur die venster en begin sy speelgoedlaai uitgooi op soek na sy verfboksie. Hy gryp die boksie, maak dit oop en vat al die kleure wat hy kan kry voor hy weer deur die venster buite toe klouter en begin drafstap op pad na die tuinrolle toe.

Hy stop voor die tuindwergies en buk af sodat hulle alles in sy hand kan sien.

“Wat dink julle van die kleure?” vra Wikus uitasem.

In sy hand het hy ’n paar kleure. Daar is ’n lelike heldergeel kleur, lemmetjiegroen en *Barbie* pienk en ook ’n skreeulelike oranje.

Die tuindwergies juig en klap hande toe hulle die helder kleure sien. “Ja, ja ons hou van hierdie kleure!!” juig hulle almal saam.

“Oukei, ek sal julle hoedjies verf, maar op een voorwaarde...Julle gaan haal die staf en laat trol die willewragtag dit terugvat na sy huis toe.”

Renolsie skuif-skuif na die naaste boom, druk sy hand in die grond en haal ’n klein pienk staffie uit die grond. Hy skuif-skuif nader en plaas dit in Wikus se hande.

“Daar, nou kan ons ook kleurvol wees.”

Wikus vat die staf en hou dit bokant sy kop sodat die trol dit kan vat.

“Ons staf, dis regtig hy!” skree die willewragtag van blydschap. Hy gryp die staf by Wikus en gee so elke nou en dan ’n gil van blydschap.

Terwyl die trol op Wikus se kop bly vasklou, begin Wikus die tuindwergies voor hom se hoedjies verf. Elke se hoedjie word ’n helder kleur geverf, en elke nou en dan verf Wikus mis en land die verf op hul baadjies of in hul oë. Later, toe hy al die hoedjies klaar geverf het, staan hy terug en kyk na die groepie voor hom.

Hulle juig en skree van blydschap en vat aan mekaar se hoedjies en lag tog te lekker. Wikus voel sommer trots, soos 'n regte *Batman* wat die aand se held is.

Stadig begin hy aanstap huis toe met die trol wat gelukkig aan sy kop vasklou. Terug in sy kamer haal Wikus die trol versigtig af en kyk hulle vir mekaar.

“Wel, baie dankie vir jou hulp Wikus. Die trolle van Willewragtag sal baie dankbaar wees as hulle sien wat ek het.”

“Waantoe gaan jy nou?” vra Wikus bietjie hartseer.

“Ek gaan nou terug na die ryk van Willewragtag,” antwoord die trol. “Maar moenie bekommerd wees nie, ek sal weer terug wees en hierdie keer veg ek saam met jou en *Batman*.”

Voor Wikus sy oë kan uitvee, verdwyn die trol. Hy kyk om hom om te sien of die trol nie dalk iewers in die lug rondvlieg nie, maar hy is heeltemal weg.

Wikus klim weer in die bed en dink terug aan die aand se opwindende gebeure. Nooit sou hy kon dink dat hy 'n trol sou kon help nie. Pffftt, *Batman* kan by hom kom leer, dink Wikus net voor hy aan die slaap raak.

Die volgende oggend is Wikus se ma vroeg op en na ontbyt besluit sy om gou die plante in die tuin te gaan water gee. Sy kom in haar spore tot stilstand toe sy na die tuin kyk...

“Loooo—dddeeeee-wiiiiikussssss...!” gil sy ma.

Wikus skrik wakker toe sy ma hier voor sy venster gil. Hy hol venster toe en toe hy die gordyne oopmaak, onthou hy dat dit nie 'n droom was nie, want voor hom sien hy die *Barbie* pienk, giggelgeel en lemmetjiegroen hoedjies wat na hom terugkyk. Hy hol dadelik terug bed toe, trek die komberse oor sy kop en wag vir sy ma om in 'n monster te verander ...

**KOPIEREG WORD VOORBEHOU DEUR DIE SKRYWER.**